Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 18 – SEPTEMBER 2020

Geagte ouers

Neem kennis van die volgende.

PERSONEEL:
Baie geluk aan Me. Doreen Nieuwoudt wat op 29 September verjaar het.

DATUMS VIR KWARTAAL 3 VAN 2020

5 Oktober	**Toets: NW en NWT Groep 1**
6 Oktober	**Toets: NW en NWT Groep 2**
12 Oktober	**Toets: Wiskunde Groep 1**
13 Oktober	**Toets: Wiskunde Groep 2**
14 Oktober	**JERUSALEM-DANSUITDAGING**
15 Oktober	**JERUSALEM-DANSUITDAGING**
20 Oktober	GF: Rapporte uit aan leerders
21 Oktober	GF: Ouervergadering Gr R - 3 (17:00 – 19:00) **Kleurfees R20**
22 Oktober	**Kleurfees R20**
23 Oktober	**11:00 - SKOOL SLUIT**

BL-VOORSITTER – MARTHIE ENGELBRECHT
Ons BL-voorsitter wat deel was van die Beheerliggaam die afgelope 10 jaar tree uit. Ons wil graag ons opregte dank betuig teenoor Marthie Engelbrecht vir 10 jaar se onbaatsugtige diens. Sy het in 10 jaar nooit ‘n vergadering gemis, sonder ‘n geldige verskoning nie, was by amper elke dissiplinêre verhoor wat gehou is en het nooit weggeskram as daar harde werk gedoen moes word nie. Nie net het sy ons ouers bygestaan met inskrywings nie, maar ook ons leerders kom ondersteun met sport- en kultuurbyeenkomste. Haar kennis en ervaring van arbeidsverhoudinge het die skool baie gehelp en al die personeel se kontrakte is deur haar opgestel. Haar toewyding, hulp, kennis, vaardighede en ondersteuning gaan beslis gemis word. Baie dankie Marthie Engelbrecht. Danie Malan salueer jou.

Gedig geskryf deur juffrou Marietjie Brand:
Marthie,
Woorde kan nie werklik beskryf hoe dankbaar ons voel nie. Ons Voorsitter van die Beheerliggaam vir 10 jaar.
‘n Dame van jou kaliber, het jy jou by ons geskaar. Jy het jou hande as laer uitgestrek om Danie Malan.
Geveg vir taal en regverdigheid, soos min kan. Vir onderwys en opvoeding opgestaan, al was dit soms ‘n gehuil na die maan.
Dissipline dit was jou kos, maar nooit ooit het jy ‘n kind net so gelos. Saam gehuil en saam gelag.
Vir werk was jy nooit bang. Ingespring by elke ding. Jy is ‘n ma duisend, sport, koor … altyd daar vir jou kind!
Mense dis ‘n voorreg om hierdie vrou te groet. Onder die DM son, brand haar hart nogsteeds vir ons.
Mag jy rustiger wees, maar nog steeds hier by ons in “gees”.

GRAAD 1 2021
Indien u op 1 Oktober 2020 'n SMS vanaf die Departement van Onderwys ontvang dat u aansoek vir Graad 1 in 2021 by Danie Malan suksesvol was neem kennis van die volgende:

1. U moet die plek op die aanlyn platform aanvaar binne 7 dae – dus voor of op 7 Oktober. Indien u nie binne 7 dae die plek aanvaar nie, gaan u die plek verbeur. As u probleme ondervind met die proses kom na die skool sodat ons u kan help daarmee.
2. Nadat u aanlyn die plek aanvaar het, moet u 'n Danie Malan aansoekvorm by die sekuriteit by die kantooringang kom afhaal.
3. U moet die voltooide aansoekvorm inhandig voor of op 12 Oktober 2020.
4. Indien u die volgende dokumente net aanlyn opgelaai het en nie by die skool ingehandig het nie, moet u dit saam met die inskrywingsvorm inhandig:
   - Geboortesertifikaat
   - Kliniekkaart
   - Albei ouers of voogde se ID's
   - Bewys van woonadres

Neem kennis dat leerders by die skool geplaas is volgens die afstand wat die ouer vanaf die skool bly. Die feit dat die leerder reeds 'n Graad R leerder was of reeds 'n broer of suster in die skool het, is nie in ag geneem nie. Die plasing word deur die Gauteng Onderwysdepartement gedoen volgens hul inskrywingsriglyne en nie deur die skool nie. Ons is regtig jammer vir elke Graad R leerder en leerder wie reeds 'n boetie of sussie in die skool het, wat nie plek gekry het nie.

5 OKTOBER – WêRELDONDERWYSERSDAG

Op Maandag 5 Oktober 2020 waardeer ons onderwysers meer as ooit tevore. Op hierdie besondere dag wil ons die helde vereer wat in hierdie uitdagende tye oorgeskakel het na nuwe effektiewe onderrigmetodes. Ons versoek dat u die onderwysers bederf met 'n spesiale blyk van waardering op Wêreldonderwysersdag. 'n Gebaar van dankbaarheid en erkenning vir hul harde werk, liefde, opoffering en die invloed wat hul op leerders se lewens het. Bederf u kind se juffrou deur 'n spesiale boodskappie of presentjie of blommetjie te stuur.

VRYDAE GRAAD 1-7:

Ons volg van Maandag 28 September 'n drie-dag-rooster.
Groep 1 kom op Maandae en Woensdae skool toe en elke tweede Vrydag.
Groep 2 kom op Dinsdae en Donderdae skool toe en elke tweede Vrydag.
Die skool kom steeds 13:00 uit op 'n Vrydag.
Die kalender dui die res van die kwartaal se datums aan waarop die verskillende groepe skool toe moet kom.
Groep 1 is in geel geskakeer en groep 2 in groen.

Oktober / October 2020					
	Maandag / Monday	Dinsdag / Tuesday	Woensdag / Wednesday	Donderdag / Thursday	Vrydag / Friday
Week 7				1	2
				2	1
Week 8	5	6	7	8	9
	1	2	1	2	2
Week 9	12	13	14	15	16
	1	2	1	2	1
Week 10	19	20	21	22	23
	1	2	1	2	2
					Skool sluit / School closes

DIENSRAAD:

Wil net onder Graad 5 ouers se aandag bring dat die aansoekvorm vir Diensraad 2021, Vrydag 2 Oktober beskikbaar sal wees by Juffrou A. Otto , kamer F5 sou 'n kind belangstel om aansoek te doen. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 19 Oktober.

GRAAD 6 LEIERAANSOEKE:

Die Graad 6 leerders ontvang die week elk 'n leierbeleid sowel as 'n leieraansoekvorm. Die voltooide aansoekvorms moet op 16 Oktober ingehandig word.

HOOFLEIERS 2020

Ons gaan die jaar nie 'n hoofseun en hoofdogter vir die jaar aanwys nie. Al drie die hoofleiers kry die nodige erkenning as hoofleier en hul name is saam op die erebord aangebring. In kwartaal 4 kry Altje Conradie en Ruan Olwagen die geleentheid om as hoofleiers te dien. Ons wil hul geluk wens met hierdie prestasie en bedank dat hul in uiterse moeilike omstandighede steeds hul deel gedoen het.
1. Henco van der Merwe en Crishelle Nieuwoudt
2. Davie Pieterse en Petreen Mathibela
3. Ruan Olwagen en Altje Conradie

DM'S GOT TALENT 2020

Laerskool Danie Malan stel graag ons heel eerste aanlyn talentkompetisie aan julle voor! Die kompetisie is oopgestel vir alle leerders van gr. R tot gr. 7 en is vir enige spesiale talente. Dit is nou jou Tyd om te Skitter! Daar is geen oudisieproses nie en enige leerder kan inskryf vir rondte 1.

Na elke rondte gaan slegs die top 50% van elke kategorie deur na die volgende rondte (dit word bepaal deur die aantal stemme).

Die "Danie Malan's Got Talent" kompetisie word deur d6 Connect gefasiliteer op die skool se eie unieke webblad en die betaalkanale is deur Sticiit Pay op d6. **Alle inskrywings en betalings word elektronies gedoen via d6, maak dus seker u is geregistreer op d6 en dat daar genoegsame fondse in is.**

Waarvoor kan ek inskryf?

Leerders mag vir enige talent inskryf. Gr R-3 neem deel in die Junior kategorie en Gr 4 – 7 neem deel aan die Senior kategorie

Voorbeelde:

Danssolo's, sangsolo's, instrumentale solo's, drama-items (individueel), kulkunsies, baltoertjies, akrobaat solo's, ritmiese gimnastiek met apparaat, gimnastiek items, ens. Absoluut enige iets waarin jy skitter!!

Pryse vir die sterre

Eerste prys: R500
Tweede prys: R250
Derde prys: R150

Koste

Inskrywings: R50 per inskrywing.
Stem: R2 per stem

Reëls en regulasies vir inskrywings

Alle ingeskrewe videomateriaal sal deur die skool besigtig word vir goedkeuring om te verseker dat:

- Die inhoud ouderdomstoepaslik is.
- Die gebruik van suggestiewe of krutaal vermy word.
- Geen vooroordeel voorkom nie,
- Dat inhoud nie politiese, godsdienstige of seksistiese uitsprake bevat nie.
- Dat die standaard van die inskrywing van 'n hoë gehalte is.

Hoe om jou video op te laai

1. Teken in op jou Youtube rekening of skep 'n rekening as jy nie een het nie.
2. Kliek dan op die video ikoon bo in die regterkantste hoek van die skerm.
3. Kliek dan op "upload video"
4. Volgende, kliek jy op "select files to upload" om die video vanaf jou foon of rekenaar op te laai. Of jy kan dit "drag and drop".
5. Gebruik die korrekte benaming wanneer jy die video oplaai byvoorbeeld: Karina Gouws Senior Gr 5/E3.
6. Jy het die opsie om jou video se "privacy settings" te stel na "public" of "private".
7. Jou video is nou gelaai, kopieer die video skakel en gebruik die skakel om te registreer op https://talent.sticitt.co.za/daniemalan
8. Indien jou video aan die reëls voldoen sal jou inskrywing aanvaar word.

Hoe om te stem en na videos te kyk

1. Kliek op die gegewe link https://talent.sticitt.co.za/daniemalan
2. Kyk na die videos en stem vir jou keuse.
3. Wanneer jy op "stem" gaan kliek, gaan jy na d6 gevat word en die R2 betaal.
4. Jy kan soveel keer as wat jy wil stem.

Wenke vir maak van video's

- Hou die foon dwars en so stil as moontlik.
- Lengte van video word beperk tot minimum 1 minuut en maksimum 3 minute.
- Vermy 'n besige of raserige agtergrond.
- Sorg dat die lig voldoende is vir 'n duidelike beeld.

Belangrike datums:

Rondte 1:

8 – 11 Oktober: Videos word tuis opgeneem en gelaai op die webwerf.
12 Oktober om 09:00: Aanlyn stemproses begin en videos kan besigtig word.
16 Oktober om 08:00: Aanlyn stemproses sluit. Die top 50 % van elke kategorie word in kennis gestel en dring deur na die volgende rondte.

Rondte 2:(Slegs leerders wat in die top 50% van rondte 1 geëindig het).

Leerders wat deurdring MOET nuwe videos oplaai.
17 – 18 Oktober: Videos word tuis opgeneem en gelaai op die webwerf.
19 Oktober om 09:00: Aanlyn stemproses begin en videos kan besigtig word.
23 Oktober om 08:00: Aanlyn stemproses sluit. Die top 50 % van elke kategorie word in kennis gestel en dring deur na die semi-finale.

Rondte 3: ***Semi-finaal*** *(Slegs leerders wat in die top 50% van rondte 2 geëindig het).*
Leerders wat deurdring MOET nuwe videos oplaai.
24 – 25 Oktober: Videos word tuis opgeneem en gelaai op die webwerf.
26 Oktober om 09:00: Aanlyn stemproses begin en videos kan besigtig word.
30 Oktober om 08:00: Aanlyn stemproses sluit. Die top 50 % van elke kategorie word in kennis gestel en dring deur na die finale.
Rondte 4: Finaal (Slegs leerders wat in die top 50% van die semi-finale geëindig het).
Leerders wat deurdring MOET nuwe videos oplaai.
1 November: Videos word tuis opgeneem en gelaai op die webwerf.
2 November om 09:00: Aanlyn stemproses begin en videos kan besigtig word.
6 November om 08:00: Aanlyn stemproses sluit.
9 November: Wenners word aangekondig.

KLEURFEES
Ons hou Woensdag **21 Oktober en Donderdag 22 Oktober** 'n Kleurfees by die skool. Die koste hieraan verbonde is R20.00. Ekstra pakkies poeierverf sal ook te koop wees teen R20 vir 4 sakkies. Almal moet asb. hul oudste klere aantrek (verkieslik wit, of so lig as moontlik) om die maksimum effek te verkry. Moet asb. nie spesiaal iets wit gaan koop as u kind nie het nie. Die poeierverf kan wel vlekke veroorsaak en daarom moet dit liefs klere wees waarvoor u nie jammer is nie. Ons gaan al die leerders voor die tyd inlig oor die veiligheidsaspekte en dat hul nie direk na die gesig moet gooi nie, maar indien u kind enige donkerbril of swembril het, kan hul dit gerus dra vir ekstra beskerming. Baie dankie vir u samewerking en ondersteuning! Dit beloof om GROOT pret te wees! U moet asseblief die aangehegde skeurstrokie voltooi om toestemming te verleen dat u kind daaraan kan deelneem. Leerders wat nie wil deelneem nie gaan op die pawiljoen sit. Ons het borge vir kinders wie se ouers nie daarvoor kan betaal nie. Skryf asb. 'n epos aan hoof@daniemalan.co.za of stuur 'n briefie aan die hoof waarin u versoek dat die borg vir u kind betaal dan tref ons die nodige reëlings. Dit sal met die grootste konfidensialiteit hanteer word.
Ons gaan die grade apart hieraan laat deelneem sodat ons die Covid 19-regulasies nakom.

LOSIE / LAPA UITVERHUUR
Ons verhuur die skool se Lapa uit vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2 500 per geleentheid, met 'n R500 deposito. U is welkom om die losie te bespreek by finansies@daniemalan.co.za of te skakel en met Amanda Prinsloo te praat.

PLANTE
Baie dankie vir almal se bydraes. Ons tuine lyk al pragtig. Baie dankie aan John de Bruto van Boutiquie Kwekery by Hillside Gholfbaan wat 'n bakkie vol plante geskenk het! Ons gaan die leerders volgende week met 'n roomys bederf.

SKOOLKOERANT:
Die nuwe skoolkoerant is beskikbaar teen R5 per kopie. Betalings kan gemaak word tot 2 Oktober 2020.

ALGEMENE JAARVERGADERING
- Neem asseblief kennis dat die Algemene Jaarvergadering van die Beheerliggaam sal plaasvind op Woensdag 14 Oktober 2020 om 18:30 in die skoolsaal.
- Alle ouers word genooi om die vergadering by te woon.
- Indien die bestaande Covid 19-regulasies teen 13 Oktober steeds in plek is, sal u 'n uitnodiging kry wat u elektronies moet aanvaar sodat ons nie die voorgeskrewe getal oorskry nie. Ons oorweeg dit ook om dalk 'n virtuele vergadering te hou. Ons sal u nader aan die tyd inlig oor die formaat.
- Tydens die vergadering sal die begroting van 2021 bespreek en goedgekeur word.
- Die begroting van 2021 en die goedgekeurde finansiële state is vanaf 1 Oktober 2020 by die kantoor ter insae.
- Maak 'n afspraak by die kassiere indien u dit wil besigtig.
- Indien ons nie 'n kworum bereik met die vergadering op 14 Oktober 2020 nie, sal die Algemene Jaarvergadering op **21 Oktober 2020** plaasvind om 18:30.

FOTOBOEK GRAAD 7
- Ons is besig om 'n Graad 7 Fotoboek van 100 bladsye saam te stel. Die boek gaan net Graad 7 foto's van die jaar bevat en gaan volkleur wees. Die koste per boek is **R250.00** vir 'n sagtebandboek. Voorbeelde kan besigtig word by die kantoor. **Indien u 'n elektroniese betaling doen moet u, u familiekode en fotoboek as verwysing gebruik. Indien u dit nie doen nie gaan u betaling nie na die korrekte begrotingsrekening geplaas word nie. Dring ook aan op 'n kwitansie en hou asb. tot u die fotoboek ontvang het.** Die laaste dag vir betalings is 30 November. Die volgende foto's gaan in die boek verskyn:
    - Klasfoto's en enkelfoto's van elke graad 7 leerder en klas.
    - Waatlemoenfees, Sokkie, Gedenkmuur, Merietefunksie, Kleurfees, Atletiek, Netbal, Tennis, Koor, Skaak, Terug skool toe na inperking, lockdown foto's ens.

- Neem kennis dat die leerders die boek eers in 2021 sal ontvang. Ons sal u per SMS inlig as u die boek kan kom afhaal.

HERWINNING

- Onthou om papier, karton, plastiekbottels en blikkies skool toe te stuur.
- Ons versoek dat u dit nou in hierdie tyd self op 'n Dinsdag of Woensdag voor die herwinningshek net bokant die kantooringang in Koos de La Reystraat sal gaan aflaai.
- U kan dit op die sypaadjie voor die hek los. Lucky sal dit daar kry.
- Maak seker dat die items wat u bring reeds skoon is en wel herwin kan word.
- Koerantpapier en tydskrifte kan nou weer herwin word. Bring dit dus gerus in.
- MOET ASSEBLIEF NIE WEGGOOI NIE. HERWIN DIT EERDER.

NASKOOL

- Leerders mag na die naskool kom op die dae wat hul skool toe mag kom.
- 'n Verlaagde tarief van R600.00 per maand is betaalbaar of R150.00 per week.
- Nuwe leerders kan van maand- of week-opsies gebruik maak.
- Kontak Joeanne by naskool@daniemalan.co.za of 081 562 9907 vir meer inligting.

ONBEKENDE DEPOSITO'S

- Die volgende elektroniese betaling ontvang, se verwysingsnommer is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie.

Datum	Verwysing gebruik	Bedrag
2020/02/12	EC E Bennett	R1000,00
2020/07/01	Skool Fonds	R800,00
2020/08/25	Capitec Rek Skuld	R500.00
2020/08/31	Capitec C NIemann	R500.00
2020/08/31	EC H Naberman	R40.00
2020/09/18	2605	R100.00

- Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.
- Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik.
- Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode 'n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg.
- Indien u vir iets anders behalwe skoolgeld moet betaal moet u die familiekode en 'n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

Geniet die week.

Groete

Hettie Smith

Hettie Smith